

## Wat het gebeur na Esra en Nehemia tot en met Jesus?

- 1 Esra-hulle keer terug en herbou die tempel  
(Perse die groot mag)
- 2 Laaste deel van 4e een vC – Alexander die Grote en die Grieke
- 3 1 Makkabeers vertel.... (2e een vC kom hulle in opstand – Makkabese opstand/Hasmoniers).



## Wat is Ou Testament apokriewe boeke?


### *Ou-Testamentiese apokriewe boeke*

Meestal Grieks (later net Grieks)

Meestal periode na Esra en Nehemia

Deel van die OT tot met Reformasie

Katolieke – “Ja” en Protestante – “Nee”



## VERGRIEKING VAN ISRAEL

41) Antiogus beveel toe dat alle volke in sy koninkryk moet saamsmelt tot een volk. 42) Dit het beteken dat die volke hulle eie gewoontes en tradisies moes los. Al die heidenvolke het dit dadelik gedoen. 43) Daar was selfs baie Israeliete wat bereid was om by Antiogus se godsdiens in te val. Hulle het vir sy afgode geoffer en het nie meer die Sabbat gehou nie. 44) Antiogus het ook briewe na Jerusalem en die stede van Juda gestuur en hulle beveel om hierdie vreemde gewoontes te aanvaar. 45) Hy het die verskillende Joodse offers in die tempel verbied, asook die hou van die Sabbat en die vier van godsdientige feeste. Vir offers moes hulle varkvleis of die vleis van onrein diere gebruik. 48) Hulle moes nie hulle kinders meer besny nie, maar moes tevrede wees om in al die onreinhede en onheilighede weg te sak. 49) So is daar gehoop dat hulle hulle Wet sal vergeet en die rug op hulle gebruike sal draai. 50) Wie nie wou doen wat die koning gesê het nie, moes doodgemaak word.

## DIE OPSTAND BEGIN

23) Mattatias het skaars klaar gepraat toe 'n Jood openlik op die altaar in Modeïn wou offer, soos die koning beveel het. 24) Toe Mattatias dit sien het sy toewyding vir die Here hom oorweldig en het hy sy humeur heeltemal verloor. Hy kon homself nie meer inhou nie en het die man net daar op die altaar doodgemaak. 25) Dieselfde lot het die boodskapper van die koning getref wat hulle wou forseer om te offer. Toe het hy die altaar afgebreek. 26) So het hy sy toewyding aan die Here onbetwisbaar bewys. Immers, wat hy gedoen het kan vergelyk word met die keer toe Pineas vir Simri, die seun van Salu, doodgemaak het. 27) Toe stap Mattatias deur die stad en skreeu hard: “Kom saam met my, elkeen wat ernstig is oor God se Wet en ons ooreenkoms met God wil nakom!” 28) Hy los toe al sy besittings in die stad en vlug saam met sy seuns die berge in.

## **Kom ons kyk na die invloed van 1 Makkabeers (enkele voorbeelde)**

1 Waarom kon daar uit Jesus se dood voordeel kom?

\* Jes 53

\* 2 Makkabeers 6 (Eliaser)

\* 2 Makkabeers 7 (Die vrou en haar 7 seuns)

2 Waarom het mense-offers diere-offers vervang?

\* 2 Makkabeers 7 (4 Makkabeers)

3 Wie sê daar's 'n lewe na die dood?

\* 2 Makkabeers 7

7:9 Net voor hy sy laaste asem uitblaas, sê hy: "Jou vervloekte mens. Jy neem ons lewe in hierdie wêreld weg, maar die Koning van die wêreld sal ons weer vir ewig lewendig maak - dit is immers vir sy wette dat ons sterf."

4 Kan n mens vir heiliges bid (RKK en Ortodokse kerk?)

2 Makk 12: 40) Toe hulle die liggame optel kry hulle onder die klere van die dooies gelukbringers wat aan die afgode van Jamnia behoort. Die wet het verbied dat Jode sulke dinge mag dra. Nou het hulle verstaan hoekom hierdie manne in die geveg dood id. 41) Hulle het die Here geloof, want Hy is 'n regverdige Regter. Hy bring die dinge wat weggesteek is aan die lig. 42) Weer het hulle gebid en God gevra om hierdie sondes heeltemal te vergeet. Die edel Judas het sy soldate gewaarsku om van die sonde af weg te bly. Hulle kon nou met hulle eie oë sien wat gebeur as 'n mens sonde doen.

43) Hy het toe 'n kollekte onder sy manne opgeneem. Die 2,000 silwer dragmas het hy Jerusalem toe gestuur om vir 'n offer te betaal sodat hulle sonde vergewe kon word. Wat hy gedoen het, was baie goed en edel. Hy het in gedagte gehou dat dooies weer opgewek gaan word. 44) Immers, as hy nie verwag het dat daardie dooie mans weer lewendig sou word nie, sou dit geen sin gemaak het om vir die dooies te bid nie. Dit sou eintlik belaglik gewees het. 45) Maar as hy dit gedoen het met die oog op die wonderlike beloning wat op die vroom mense wag wat reeds dood is, is dit 'n heilige en baie goeie daad. Daarom het hy 'n offer gebring, sodat hulle sondes vergewe kon word en hulle weer God se vriende kon wees.

# Ou Testament in die Nuwe Testament

**OT profesieë vorm die bedding vir die koms van Jesus  
en die ontwikkeling van die boodskap van die NT**

**Mat 3:2** Bekeer julle, want die **koninkryk van die hemel** het naby gekom

Joh 12:13-15 “Die Koning van Israel!” 14Jesus het toe op ’n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan: 15“Moenie bang wees nie, Sion! Kyk, jou Koning kom, en Hy ry op ’n donkie.”

**Op 21:2** En ek het die heilige stad, die **nuwe Jerusalem**, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

**Jes 51:7** Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!" 8Hoor, jou wagte roep hard, hulle jubel almal saam, want hulle sien dat die Here na Sion toe terugkom. 9Jubel en juig, puinhope van Jerusalem, want die Here het vir sy volk uitkoms gebring, Hy het Jerusalem verlos. 10Die Here het sy heiligheid, sy mag, geopenbaar voor die oë van al die nasies. Tot aan die uithoeke van die aarde sal hulle die redding sien wat ons God bewerk het.



## Ons is God se volk wat oppad is na die 'beloofde land'

**Heb 11:8** Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. 9Omdat hy ... want hy het uitgesien na **die stad wat vaste fundamente** het en waarvan God self die ontwerper en bouer is... 11 13Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daarvoor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15As hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan. 16Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.

Heb 3:7 Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, 8 moet julle **nie hardkoppig wees nie**, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het... 10 Daarom het Ek ’n afkeer van hierdie geslag gekry ... 11 Toe het Ek in my toorn ’n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.” 12 Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle ’n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. 14 Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertrouwe waarmee ons begin het... 19 Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie.

**Joh 4:25** Die vrou het vir Hom gesê: “Ek weet dat die **Messias** kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.” 26 Toe sê Jesus vir haar: “Dit is Ek, Ek wat met jou praat.

